# Etiese riglyne van belang in navorsings-metodologie in Publieke Administrasie

W.J. van Wyk
Dept. Politieke Wetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**Ethical guidelines of importance in research methodology in Public Administration**

*The purpose of this article is to make researchers in Public Administration aware of the fact that no scholar has a free hand in terms of the research procedures he follows. There are certain ethical guidelines that have to be followed in research projects where the object of study has to do with human beings, and with human environment.*

*Researchers in Public Administration are often in a position of authority regarding the other participants in a research project. Researchers normally obtain formal approval from senior officials, such as Director-generals of state departments to do research in their institutions. This approval to a large extent gives the researcher in Public Administration formal control over research participants in such a government department. Ethical considerations come into play to act as a kind of control measure in the activities of a researcher.*

## 1. Inleiding

Navorsers in Publieke Administrasie is dit nie altyd eens oor die wyse waarop etiese riglyne tydens navorsingsprojekte geïnterpreteer moet word nie. Die rede hiervoor is waarskynlik dat mense verskillende lewens- en wêreldbeskouings het. Hierdie gegewe impliseer dat daar verskillende opvattings, waardes en oortuigings bestaan oor aspekte soos byvoorbeeld die interpretering van etiese riglyne. Wat die aangeleentheid kompliseer, is dat daar 'n veelvoud van Christelike sowel as nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouings bestaan wat as grondslag dien vir die doen en late van mense. Die daarstelling van eenvormige etiese riglyne wat nagestreef moet word tydens die uitvoering van wetenskaplike navorsingsprojekte is gevolglik nie altyd haalbaar nie.

Die doel met hierdie artikel is daarom om navorsers in Publieke Administrasie weer bewus te maak van die feit dat daar etiese riglyne is wat nagekom behoort te word wanneer die wetenskap van die ontsluiting van kennis beoefen word. Die

doel is gevolglik nie om 'n lys etiese riglyne daar te stel nie, alhoewel aandag aan sekere riglyne bestee sal word. Wanneer na die ontsluiting van kennis verwys word (metodologie), word van metodologie in die algemeen-wysgerige sin gepraat – die proses waar die navorser gemoeid is met metodes en tegnieke wat gemeenskaplik is aan die meeste wetenskappe. Die doel is dus om die belangrikheid van etiese riglyne in die proses van wetenskaplike ondersoek uit te wys en 'n denkproses by die navorser in Publieke Administrasie aan die gang te sit, eerder as om na spesifieke vakwetenskaplike metodes te kyk.

## 2. Etiek as onderafdeling van filosofie

In hierdie artikel word Wellman (1975:xv) se verklaring van wat etiek is onderskryf, naamlik dat dit 'n onderafdeling van die filosofie is. Die ander onderafdelings is metafisika (teorie van realiteit) en epistemologie (die leer van kennis). Etiek handel oor filosofiese probleme wat ontstaan wanneer mense met mekaar kommunikeer. Dit handel oor die probleme rondom keuseuitoefening, met ander woorde die probleme wat voorkom wanneer iemand besluite moet neem in enige gegewe situasie, soos byvoorbeeld wanneer 'n navorsingsprojek onderneem word.

Etiek kan onder andere in twee onderafdelings ingedeel word, te wete deontologie (teorie van verpligting), en aksiologie (teorie van waardes) (Wellman, 1975:xv). Deontologie handel oor die soeke na antwoorde oor watter handeling reg is en dit te skei van handelinge wat verkeerd is. Navorsers het dus te doen met die wyse waarop bepaalde navorsingsprobleme gehanteer word. Aksiologie daarteenoor handel oor probleme wat te doen het met goed en sleg. Dit handel oor waardes wat vir die mens of sosiale groep waardevol is. 'n Studie van waardes poog dus om dit wat goed is, van dit wat sleg is te onderskei (Joubert, 1992:1).

Deontologie, saam met aksiologie vorm die kern van etiek. Daar word ook na deontologie verwys as meta-etiek omdat navorsers daarop ingestel is om die betekenis van sleutelterme soos hulle in etiese stellings voorkom, te omskryf en te verklaar (Geisler & Feinberg, 1993:24). Soms word ook na normatiewe etiek verwys wanneer norms en standaarde daargestel word oor watter optrede goed of sleg is (Wellman, 1975:xvi). Degenaar (*in* Joubert, 1986:28) verbind etiek ook aan morele probleme en verwys na etiese teorieë as filosofiese konstruksies wat onder andere daaruit bestaan dat na morele probleme gekyk word.

In hierdie artikel word egter, soos gemeld, klem gelê op die deontologiese beskrywing van etiek, te wete watter optrede van 'n navorser in Publieke Administrasie reg of verkeerd is wanneer navorsingsprojekte in owerheidsinstellings onderneem word. Die vertrekpunt van die artikel is derhalwe om te poog om bepaalde etiese riglyne te benadruk, aan die hand waarvan navorsers hul

optrede eties korrek kan rig. In so 'n geval word die deontologiese uitgangspunt, 'voorskriftelik' ook beklemtoon, met ander woorde watter optrede 'behoort' gevolg te word ten einde reg op te tree.

## 3. Belangrikheid van etiese riglyne in navorsing

Die studie-objek in die Sosiale Wetenskappe, en dus ook in die Publieke Administrasie, het in die breedste sin met die mens en sy omgewing, en meer spesifiek sy werksomgewing te doen. Uit 'n Christelike perspektief gesien, lewe die mens egter in 'n gebroke wêreld wat elke faset van sy bestaan beïnvloed (Botha, 1993:168). Hierdie gegewe impliseer dat die mens die neiging het om regulerende en wettiese binding as onaanvaarbaar te beskou. Die mens is met ander woorde in wese geneig tot die kwaad, en daarom moet regulerende maatreëls soos etiese riglyne daargestel word om die handelinge van die mens te orden.

Vir die Christen is hierdie etiese riglyne onlosmaaklik gefundeer in God, sy wet, opdragte en bevele soos dit in sy Woord gevind word. Volgens Botha (1993:109) bestaan daar dus Goddelike ordinansies wat elke sfeer van die menslike lewe normeer en bepaal. In elke faset van die mens se lewe is daar daarom kriteria, norme en bepalings van wat reg of verkeerd is (Botha, 1993:109).

Etiese riglyne is dus belangrik om menslike handelinge en gedrag te orden. Hierdie etiese riglyne verskaf aan 'n navorser 'n bouplan van korrekte optrede te midde van 'n onvolmaakte samelewing. In die veld van Publieke Administrasie strek etiese aanvaarbare handelinge egter verder as net die verhouding tussen mense, en kom die instelling (staat) ook as vennoot ter sprake. God het die skepping geskape ter wille van die mens en die skepping is aangewese op die versorging en bewaring deur die mens (Botha, 1993:172). Daar berus dus 'n etiese verantwoordelikheid op die mens om staatsinstellings, waar navorsingsprojekte uitgevoer word, ook in stand te hou.

Ten spyte van universeel aanvaarde etiese riglyne is daar tog verskeie redes waarom navorsers die belangrikheid van etiese riglyne misken (bewustelik en onbewustelik) wanneer navorsingprojekte onderneem word,

'n Vername rede is byvoorbeeld die druk waaraan navorsers onderwerp word om suksesvol met hul navorsingsprojekte te wees. Ruimte vir mislukkings in navorsingspogings word nie geduld nie, en as etiese riglyne in die pad van 'n suksesvolle navorsingsprojek staan, mag die versoeking hom voordoen om die betrokke etiese riglyn te omseil. Dit is daarom belangrik dat onnodige risiko's wat die suksesvolle afhandeling van projekte kan belemmer, vroegtydig uitgeskakel word (Achoff, 1984:408).

Hierdie risiko's kan daartoe aanleiding gee dat veral prosedures tydens die uitvoering van navorsingsprojekte wat gevolg word, en wat nie as eties aanvaarbaar geklassifiseer kan word nie, deur navorsers gevolg word. Dit beteken dat daar op 'n onwaardige wyse teenoor deelnemers in die navorsingsprojek (onder andere die proefpersone, studente, studieleiers, owerheidsinstellings, of opdraggewers van die navorsingsprojek) opgetree word omdat die sukses van die navorsingsprojek die primêre rede vir die studie word. Indirek tree die navorser egter ook onbewustelik onwaardig teenoor homself op (Burgess, 1989:18-19). Huysamen (1994:192) stel dit dat benewens 'n betrokke vakgebied, soos Publieke Administrasie, die hele wetenskaplike gemeenskap daardeur onder verdenking geplaas word, en van wetenskaplike kennisuitbreiding sodoende 'n onding gemaak word.

Die toepassing van etiese riglyne tydens die uitvoering van navorsingsprojekte is belangrik vir alle betrokkenes by 'n navorsingsprojek. Verhoudings tussen die dosent en die student, die leidinggewende funksionaris en die junior amptenare, die politikus en die gemeenskap, diegene in gesagsposisies teenoor ondergeskiktes, kan almal een of ander tyd met 'n situasie konfronteer word waar 'n 'magsposisie' of 'n 'ondergeskikte' posisie misbruik word, of nie reg opgetree word nie ten einde sukses in 'n navorsingsprojek te verseker (Bulmer & Warwick, 1983:318).

Alvorens die betekenis van die term *etiek* in die konteks van Publieke Administrasie – soos dit op hierdie artikel van toepassing gemaak word – uitgespel word, is dit belangrik om te omskryf wat met die term *reg* bedoel word.

## 4. Wat onder die term *reg* verstaan kan word

Volgens Geisler en Feinberg (1993:373) is daar verskeie denkrigtings, nie noodwendig op 'n Christelike perspektief gebaseer nie, waar gepoog word om etiese riglyne te regverdig. Die meeste van hierdie denkrigtings baseer hul regverdiging van etiese riglyne op blote verklarings van die betekenis van die term *reg*. Dit beteken dat die wyse waarop die term *reg* geïnterpreteer word, bepaal kan word deur 'n stel etiese beginsels vir navorsers wat nie die Christelike lewens- en wêreldbeskouing onderskryf nie. In praktyk word verskillende interpretasies aan die term reg gekoppel waarvan sekere interpretasies vervolgens aangehaal word.

William James verklaar dat iets reg is as dit werk. As handelinge werk deur goeie resultate voort te bring, is so 'n handeling reg en behoort dit nagevolg te word. Immanuel Kant is van mening dat daar 'n universele absoluut noodsaaklike 'verpligting' op alle mense is om reg teenoor mekaar op te tree, en mekaar as mense te sien, en om goed teenoor mekaar op te tree. Indien mense nie so teenoor mekaar optree nie is die teenpool waar, naamlik dat mense mekaar

niks sal gun nie, en mekaar in der waarheid sal uitwis. Daar is met ander woorde 'n soort dwang op die mens om eties reg op te tree (Geisler & Feinberg, 1993:377).

Daar is ook 'n groep navorsers, onder wie Moore, wat beweer dat watter optrede reg is net deur intuïsie bepaal kan word. Die mens weet intuïtief of sy optrede reg of verkeerd is. Thomas Aquinas was weer van mening dat die basis van etiese norme vanselfsprekend is, en dat daar eerste beginsels is waarop alle kennis gebaseer is. Hierdie eerste beginsels dien dan as riglyn vir die 'regte' optrede van navorsers (Geisler & Feinberg, 1993:377).

Die Christendom, Judaïsme, Islam en ander religieë baseer hul evaluering van wat reg is op die Woord van God, soos hulle die Woord interpreteer. Hul vertrekpunt vir wat hulle as reg beskou, lê in die gedagte dat God so gesê het. Wat God sê, word in die Woord gevind, en die Woord is finaal. Die probleem met hierdie benadering is dat nie almal wat navorsing doen, in God glo nie (Geisler & Feinberg, 1993:377). In praktyk beteken dit dat etiese beginsels wat in die Bybel gevind word oor wat reg is, nie vir almal bindend is of hoef te wees nie.

Tog is dit belangrik om een of ander meer konkrete fundering te vind aan die hand waarvan die term *reg* verklaar kan word vir die navorser in Publieke Administrasie. Vir die doeleindes van hierdie artikel word die verklaring van die term *reg*, soos dit in die Woord van God gevind word (die Bybel) as vertrekpunt aanvaar.

## 5. Die Bybel as bron vir universele etiese beginsels

Deontologies word universele reg gebaseer op intrinsieke waarde. Universele reg beteken 'n intrinsieke waarde wat bindend ten opsigte van alle mense is, waar hulle hul ook al bevind en te alle tye. Dit beteken dat net daardie etiese beginsels wat op nie-veranderende goedheid gebaseer is, as universele regte beginsels beskou kan word (Geisler & Feinberg, 1993:409).

Vir die Christen word dit wat universeel reg is, gebaseer op die wesenstrekke wat in God gevind word. Hierdie wesenstrekke van God word in die Woord gevind en vergestalt in tiperings soos: God is waarheid, liefde en regverdigheid. Hierdie siening van wat reg impliseer, is universeel bindend vir alle mens en geen uitsonderings kan gemaak word nie. In essensie kom dit daarop neer dat 'n mens teenoor ander moet optree soos wat hy graag wil hê dat ander teenoor hom moet optree. Hierin lê die universaliteit van etiese beginsels volgens 'n Bybelse perspektief opgesluit (Geisler & Feinberg, 1993:409).

Botha meld egter dat vanweë die sondeval die mens nie meer van nature die wil van God summier uitvoer nie en dat die mens dikwels ongehoorsaam is aan die

wet van God soos dit in die Bybel vervat is (Botha, 1993:111). Alhoewel die wet van God onveranderbaar staan, buig die mens vanweë sy sondige natuur die rigting of toepassing daarvan weg van die Woord van God (Botha, 1993:111).

Met hierdie perspektief as agtergrond kan gestel word dat etiese riglyne mensgemaakte norme is wat op die wet van God, soos in die Bybel aangetref word, gebaseer is – norme wat die volmaakte wil van God nastreef. Gekoppel aan die navorsingsmetodologie beteken dit dat daar deur middel van etiese riglyne gepoog word om die navorser in die Publieke Administrasie daarop attent te maak dat korrekte etiese riglyne bestaan en haalbaar is.

## 6. Betekenis van die term *etiek* in Publieke Administrasie

Die term *etiek* kan vir verskillende mense of professies verskillende betekenisse inhou. Vir die leek op straat beteken die woord etiek 'n stel beginsels of reëls wat 'n persoon óf toelaat tot bepaalde optrede, óf verbied om sekere handelinge uit te voer (deontologie). Degenaar (aangehaal deur Joubert, 1986:27) is van mening dat etiek in owerheidsinstellings met waardes (aksiologie) te doen het, en as die oorspronklike veld van besinning oor waardes erken moet word. Etiek veronderstel die meer persoonlike optrede van enkelinge teenoor mekaar, of kan gesien word as gedragskodes wat geld vir bepaalde institusionele areas of professies.

Volgens Geisler en Feinberg (1993:24) is etiek vir openbare amptenare 'n stel reëls of beginsels wat nagekom moet word ten einde openbare optrede te reguleer. Vir die sakeman kan die term 'n kode wees wat die handelinge van sakemanne teenoor kliënte, werknemers en ander sake-ondernemings reguleer. 'n Christelike etiek implementeer die Bybelse riglyne wat die lewe van 'n Christen reguleer – riglyne wat byvoorbeeld in die tien gebooie gevind word (Geisler & Feinberg, 1993:24).

Vir die navorser in Publieke Administrasie lê die waarde van etiese riglyne onder andere op die terrein van veral die deontologie, waar die handeling van die navorser aan die etiese terme, reg of verkeerd gemeet word. Cloete (1995:29) reken dat dit wat reg of verkeerd is, gekoppel word aan 'n versameling morele beginsels, norme, waardes en verpligtinge (verpligtingsleer eie aan deontologie). Hierdie morele beginsels dien as voorskriftelike reëls vir politici sowel as vir amptenare om te verseker dat hul aksies op die verkryging van die hoogste orde van gemeenskapsbehoeftes gerig is. Vir Cloete gaan dit hoofsaaklik oor eerlike optrede.

Fox en Meyer (1995:45) definieer etiese riglyne in die Publieke Administrasie as die proses waardeur reg en verkeerd bepaal word. Etiese riglyne handel veral oor wat die mens as reg beskou. Die problematiek ontstaan egter oor wat presies met

die term reg verstaan word. Wat vir een navorser reg is, is nie noodwendig vir 'n ander navorser reg nie. Daar is reeds daarop gewys dat die lewens- en wêreldbeskouing van mense mag verskil en verskillende sienings tot gevolg het. Hierdie verskille bemoeilik uit die aard van die saak die neerlê van universele etiese beginsels wanneer navorsers navorsingsprojekte onderneem. Op grond van die voorafgaande bespreking van wat met etiese optrede bedoel word as agtergrond kan die plek van etiese riglyne in die navorsingsmetodologie in Publieke Administrasie ontleed word.

## 7. Die plek van etiese riglyne in navorsingmetodologie

Metodologie in Publieke Administrasie verwys na die logika onderliggend aan die implementering van wetenskaplike metodes in die bestudering van die werklikheid. Metodologie impliseer die wyse waarop 'n wetenskaplike navorser in Publieke Administrasie sy werk beplan, struktureer en uitvoer om aan die eis van wetenskaplikheid te voldoen (Mouton & Marais, 1992:16). Baily (1987:33) sluit by hierdie uitgangspunt aan en verklaar metodologie as die navorsingsproses wat vooronderstellings en waardes, wat as rasionaal vir navorsing dien, insluit. Metodologie sluit ook in die norms of standaarde (etiese riglyne) waaraan 'n navorser moet voldoen om inligting wetenskaplik te versamel, te interpreteer en tot logies verklaarde gevolgtrekkings te kom.

Volgens Cloete (1995:81) het metodologie in Publieke Administrasie te doen met die verkryging van owerheidsverwante kennis deur van wetenskaplike metodes gebruik te maak. Die term *wetenskaplike metodes*, soos in die vorige paragraaf aangetoon is, is in hierdie artikel van toepassing. Wetenskaplike metodes het te doen met die wyse waarop die inligting wat benodig word om 'n verskynsel te bestudeer ordelik versamel, ontleed en gereproduseer word. Hierdie proses beteken dat inligtingverkryging in Publieke Administrasie nie op 'n lukraak wyse onderneem word nie, maar dat daar ook 'n regte of verkeerde manier van wetenskaplike beoefening van die metodologie is.

Vanuit 'n Christelike perspektief is daar Goddelike ordinansies wat elke sfeer van die menslike lewe bepaal of normeer (Botha, 1993:109). In elke faset van die menslike lewe, dus ook by die toepassing van wetenskaplike metodes, is daar standaarde en kriteria, norme en grense en bepalings van wat reg en verkeerd is. Hierdie kriteria is die voorveronderstelling wat in gedagte gehou word wanneer die wetenskaplike metodes gekoppel word aan etiese riglyne, soos in hierdie artikel bespreek is.

Etiese vraagstukke binne die raamwerk van die metodologie ontstaan in die praktyk wanneer die plig om kennis te bekom so belangrik word dat die navorser kennis moet bekom ten koste van die mens (in hierdie geval die openbare amptenaar), en die instellings waar hy werksaam is, asook die gemeenskap.

Hierdie situasie lei in wese tot konflik tussen die vryheid om kennis te bekom en die plig om eties op te tree teenoor die mens. Tussen hierdie vryheid en plig moet 'n etiese balans verkry word. Navorsers moet dus 'n balans handhaaf tussen die beginsel van akademiese vryheid, en die gevolglike bydrae tot kennis, en regverdige optrede teenoor die mens van wie die kennis in baie gevalle verkry moet word (Dane, 1990:38). Die grondslag van hierdie balans word in etiese riglyne gevind.

Wanneer etiese riglyne in die praktyk ontleed word ten einde die belangrikheid daarvan in navorsingsmetodologie in Publieke Administrasie te bepaal, kan die verskillende stadia van 'n navorsingsprojek as vertrekpunt gebruik word. Hierdie stadia word vir die doeleindes van hierdie artikel in vier fases bespreek, te wete die beplanningstadium, die ondersoekstadium, die verwerkingstadium en die aanbiedingstadium. Daar moet egter besef word dat slegs meer prominente etiese vraagstukke aangeraak kan word vanweë die omvang van die onderwerp.

## 7.1 Die beplanningstadium

In die beplanningstadium van 'n navorsingsprojek speel etiese riglyne 'n belangrike rol wanneer die navorsingsonderwerp deur die navorser geïdentifiseer en beplan word. Dit is veral tydens die beplanningstadium dat etiese riglyne ter sprake moet kom en deeglik daaroor besin moet word.

Eerstens is dit belangrik dat alle deelnemers aan 'n navorsingsprojek die reg tot vryheid van keuse, wat eie aan wetenskaplike navorsing is, moet kan uitoefen wanneer daar oor navorsingsprojekte en -onderwerpe besin en beplan word (Dane, 1990:39). Dit is byvoorbeeld nie eties korrek om 'n navorser in 'n bepaalde studieterrein of projek te 'dwing' nie omdat 'n 'dwang-projek' gewoonlik nie die resultate lewer wat 'n wetenskaplike ondersoek vereis nie. Die inboet van vryheid van keuse kom veral voor wanneer 'n bepaalde studieprojek vir 'n studieleier, instelling of ander betrokkene van meer belang is as wat dit vir die navorser is (Dane, 1990:39).

As voorbeelde kan genoem word dat die keuse van 'n navorsingsonderwerp beïnvloed kan word wanneer 'n spesifieke navorsingsprojek finansiële voordele vir die navorser inhou, soos wanneer beurse of 'n ander vorm van vergoeding betrokke is. Navorsers kan seksueel geëksploiteer word, of 'n studieleier kan bybedoelings met 'n spesifieke projek hê soos om inligting wat deur 'n navorser ingewin word vir eie gewin aan te wend (Bailey, 1987:489).

Tweedens behoort die beplanningsfase van 'n navorsingsprojek 'n subfase in te sluit waartydens die betrokkenes by die navorsingsprojek alle aspekte wat etiese vraagstukke mag oplewer, identifiseer en ontleed. Die belangrikheid van hierdie subfase is dat die aandag van die navorser reeds by die aanvang van die

navorsingsprojek, en nie gedurende die projek nie, op etiese riglyne gevestig word (Baker, 1988:66).

Tydens die beplanningstadium moet reeds besef word dat sekere navorsingsonderwerpe meer kontroversieel sal wees as ander. 'n Onderwerp oor korrupsie in die staatsdiens sal byvoorbeeld omvangryker etiese implikasies inhou as byvoorbeeld 'n onderwerp oor die daarstelling van 'n personeelbeleid vir 'n spesifieke staatsdepartement (Bulmer & Warwick, 1983:318).

Dit is dus nodig dat 'n navorser reeds in die beplanningstadium, en by die keuse van 'n onderwerp, die implikasies wat etiese probleme op die studie mag hê, in berekening moet bring. Sodoende kan 'n navorser homself vroegtydig vergewis of die navorsingsonderwerp haalbaar is, ten minste wat die etiese sy van die onderwerp behels.

## 7.2 Goedkeuring van die navorsingsprojek

Tydens die goedkeuringsfase van 'n navorsingsprojek in Publieke Administrasie poog die navorser onder andere om sy navorsingsprojek goedgekeur te kry by die universiteitsinstansie waar die studie geregistreer moet word, en in die meeste gevalle ook by die owerheidsinstelling waar die studie uitgevoer moet word. Laasgenoemde is nie altyd maklik haalbaar nie omdat daar gewoonlik amptelike inligting aan die navorser beskikbaar gestel moet word wat die spesifieke instansie skade kan berokken indien dit onoordeelkundig deur die navorser aangewend word.

Wat hierdie proses kompliseer, is dat daar met die goedkeuring van elke navorsingsprojek wat in owerheidsinstellings onderneem word in wese twee partye betrokke gaan wees. Die twee partye is in die reël die navorser en sy studieleier, en die verteenwoordiger van die betrokke owerheidsinstelling wat in die praktyk in beheer van die navorsingsprojek gaan staan. Albei partye verwag dat sy belange vooropgestel moet word tydens die afhandeling van die navorsingsprojek (Bailey, 1987:486). Hierdie scenario stel die navorser dikwels in versoeking om'n projek ten alle koste goedgekeur te kry – 'n ingesteldheid wat die verbreking van etiese riglyne kan insluit. Om die verbreking van etiese riglyne tydens hierdie fase so ver moontlik uit te skakel behoort 'n groter bewustheid geskep te word ten opsigte van etiese riglyne wat verbreek mag word by die navorser.

- Die *navorsingsterrein behoort so duidelik moontlik deur die twee partye uitgespel te word* wanneer goedkeuring vir 'n navorsingsprojek by 'n owerheidsinstansie beding word. Albei partye moet die omvang van die projek verstaan en skriftelike ooreenkomste bekom. Die rede hiervoor is dat albei partye in effek kontraktueel verbind word tot die projek. Dit beteken

ook dat die aanvanklike verstandhouding wat daar tussen die instelling en die navorser bestaan, nie verbreek kan word wanneer die projek reeds in 'n gevorderde stadium is nie (Bailey, 1987:484).

- Die navorser behoort reeds in die vroeë stadium van die ondersoek *sekerheid te hê oor die regte en voorregte* wat hy/sy sal geniet by die owerheidsinstelling waar die projek uitgevoer gaan word. Daar sal ook met sekerheid vasgestel moet word tot watter mate inligting vir die navorser toeganklik sal wees. Dit beïnvloed veral die praktiese haalbaarheid van die navorsingsprojek (Huysamen, 1994:198).

- *Die status waaroor die navorser gaan beskik, word ook op hierdie wyse omlyn.* Hierdie aspek is belangrik omdat die navorser in der waarheid 'n toesighouersposisie in die owerheidsinstelling gaan beklee vir die duur van die navorsingsprojek. Die navorser gaan met ander woorde beskik oor informele mag oor die personeel en instellings waar die projek uitgevoer gaan word. Dit beteken dat die navorser, wat die duur van die navorsingsprojek aanbetref, op 'n projekbasis leiding en beheer oor die formele toesighouers in die betrokke owerheidsinstelling se personeel oorneem. Sekere voorregte word met ander woorde deur die instelling aan die navorser gedelegeer – voorregte wat met groot omsigtigheid gehanteer moet word, en 'n situasie waar die vertrouensposisie nooit verbreek mag word nie (Chapman, 1993:158, 166).

- Sowel die navorser as die owerheidsinstelling waar die navorsing onderneem gaan word, behoort vooraf te besluit oor *die wyse waarop die navorsingsresultate bekendgestel gaan word.* Hierdie faset sluit onder andere aspekte in wat handel oor die wyse waarop respondente betrek gaan word, hoe inligting ingewin gaan word en die vertroulike aard van die navorsingsresultate (Bailey, 1987:486).

Die vernaamste etiese riglyn wat tydens die goedkeuringstadium deur die navorser verbreek kan word, is dat die ware rede vir die ondersoek om een of ander rede verbloem word. Dit beteken dat die navorser die werklike omvang van die projek nie ten volle verklaar nie uit vrees dat die betrokke owerheidsinstelling die projek mag afkeur (Bailey, 1987:485). Die verbloeming van die omvang van 'n navorsingsprojek kan daartoe lei dat konflik tussen die twee partye op 'n latere stadium kan ontstaan, en dat die vertrouensposisie sodoende verbreek word. Die navorsingsprojek kan as gevolg van hierdie rede gestaak word.

Etiese oorwegings moet derhalwe ook tydens die goedkeuringstadium van 'n navorsingsprojek deeglik onder die loep geneem word. Sodanige prosedure kan daartoe bydra dat onnodige risiko's wat die suksesvolle afhandeling van die projek kan belemmer, vroegtydig uitgeskakel word (Achoff, 1984:408).

### 7.3 Die ondersoekstadium

Die ondersoekstadium het met die inwin van data te doen, en daar is sekere etiese riglyne wat tydens hierdie stadium in gedagte gehou moet word, en wat nie deur 'n navorser verbreek behoort te word nie.

Skakeling met die navorsingsrespondente (amptenare in die betrokke owerheidsinstelling) behoort met sekere etiese oorwegings gepaard te gaan. Dit is van belang omdat die respondente diegene is op wie die navorser direk moet op staat maak om inligting te bekom (Burgess, 1989:18-19).

- *Die navorser se verhouding met die respondente is een van vertroue.* Nadat die navorser goedkeuring van 'n bepaalde owerheidsinstelling verkry het om navorsing te mag doen, het die navorser dikwels die sanksie om onbeperk op te tree om inligting van respondente te bekom. Die respondente word in baie gevalle sonder hul toestemming of medewete by navorsingsprojekte betrek (Huysamen, 1994:185), en vanweë die kultuur van uitgelewerdheid kan hulle die slagoffer word van etiese oortredings (Burgess, 1989:19).

  Etiese riglyne wat in die praktyk op hierdie vlak nagekom moet word, is dat respondente, waar moontlik, oor die ware rede van die navorsingsprojek ingelig moet word. Die respondente word dikwels nie werklik grondliggend ingelig oor die rede, aard en omvang van die projek nie. Vir hulle kan so 'n projek 'n groot gevaar van die een of ander aard inhou – 'n situasie wat tot werkspanning by hulself en hul medepersoneel aanleiding kan gee. 'n Ongekwalifiseerde navorsingsprojek kan byvoorbeeld die gevaar van afdankings, degradering in poste of tugstappe vir 'n respondent inhou, hoe ongegrond ook al. Volgens Fox en Meyer (1995:45) speel openbare vertroue en die beskerming van die respondent se regte daarom 'n belangrike rol as etiese riglyn.

- *Die verstandelike vlak van die respondente moet in aanmerking geneem word* wanneer navorsingsprojekte uitgevoer word. Dit kan gebeur dat inligting/samewerking verwag word van respondente wat teoreties op 'n laer vlak is as die navorser en die vlak van die navorsingsprojek. Hierdie omstandighede kan lei tot spanning en angs by die respondent; dit kan selfs daartoe aanleiding gee dat data wat versamel word nie aan die eise van wetenskaplikheid voldoen nie omdat die respondent nie daartoe in staat is om die korrekte inligting deur te gee nie. Die sogenaamde *Peter principle* moet hier in gedagte gehou word. Hierdie beginsel beteken dat elke persoon op 'n bevoegdheidsvlak funksioneer wat deur sy eie vermoëns bepaal word (Fox & Meyer, 1995:95). Om daarom van 'n persoon in 'n toetreerang te verwag om mee te doen in ingewikkelde wetenskaplike oefeninge is eties nie korrek

teenoor so 'n persoon nie, en skep bedenkinge oor die waarde van die inligting wat versamel word.

- *Die geestelike vlak van die respondente moet ook in aanmerking geneem word.* Tendense wat tot spanning, kommer, verkleinering, gevoel van mislukking en die nadelige beïnvloeding van die selfbeeld van 'n respondent aanleiding kan gee, behoort dus geminimaliseer te word (Dane, 1990:44).

- Dit is ook elke navorser se etiese plig om aan die einde van navorsingsprojekte *diegene wat by 'n projek betrokke was aan die hand van etiese riglyne korrek te hanteer.* Sodanige hanteringswyse kan onder andere beteken dat persoonlike inligting van respondente vertroulik gehou word, bevindinge met sorg aangebied word en die regte van die respondente beskerm word (Dane, 1990:50). Navorsers moet respondente beskerm teen onregverdige publisiteit, en groepe moet beskerm word teen die onbevredigende prestasie van individuele groeplede. Die groep as geheel moet dus nie benadeel word deur die prestasie van individue nie. Die belange van instellings moet ook beskerm word, en daar moet verhoed word dat instellings se beeld benadeel word deur navorsingsresultate wat op enkelinge of groepe gebaseer is, ongekwalifiseerd bekend te stel.

### 7.4 Die verwerkingstadium

Alle data wat versamel is, moet korrek verwerk word. Volgens Dane (1990:52) is die analisering van data nie net 'n werkinstrument om sin te skep in die versamelde inligting nie, maar is daar ook etiese oorwegings ter sprake. Benewens die feit dat data-analisering bydra tot kennis, is dit dikwels die basis vir verdere navorsing, of vorm dit die basis vir die daarstelling van nuwe beleidsprogramme van een of ander aard in owerheidsinstellings. Indien data foutiewelik deur die navorser geïnterpreteer word (met of sonder opset), kan dit beteken dat tyd, geld en ander insette in die navorsingsprojek in der waarheid verlore gaan. Die gevolg is eweneens tot nadeel van 'n owerheidsinstelling, en meer in die algemeen tot nadeel van die gemeenskap.

- Hierdie moontlike benadeling van 'n owerheidsinstelling of die gemeenskap beteken dat elke navorser eerstens eties verplig is om sy *resultate so korrek as moontlik te verwerk* en aan te bied sodat ander navorsers wat dit as hul vertrekpunt gebruik, nie mislei word nie (Dane, 1990:52). 'n Kritiese bewussyn is nodig wanneer data ontleed word, en elke navorser moet aansprake wat in gevolgtrekkings gemaak word, deur die ingesamelde inligting/data ondersteun (Mouton & Marais, 1989:42).

- *Bewustelike vervalsing van data is een van die ernstigste etiese oortredings* (Baker, 1988:76-77). Datavervalsing het implikasies vir die navorser, die

owerheidsinstansie waar die navorsing uitgevoer is, sowel as vir ander navorsers wat hul studies op vervalste gegewens voortbou (Huysamen, 1994:192). Benewens hierdie gevare stel Huysamen (1994:192) dit ook dat benewens die vakgebied, die hele wetenskaplike gemeenskap onder verdenking geplaas word, en van wetenskaplike kennisuitbreiding 'n onding gemaak word. Huysamen (1994:192) stel dit dat selfs die misbruik of wanaanwending van bronne, datavervalsing impliseer, en dat die ideaal van wetenskaplikheid daardeur geweld aangedoen word. Verwerkte data moet dus so wetenskaplik, eerlik en sonder verdraaiing as moontlik aangebied word (Bailey, 1987:484). Wanneer aanbevelings of voorstelle op 'n lukraak wyse aangebied word, word dit ook as die verbreking van etiese riglyne beskou (Bulmer & Warwick, 1983:315). Om korrek verslag te doen, hetsy in proefskrif-, verhandeling- of verslagvorm, is meer as die blote vermyding van foute of leuens. Dit beteken dat 'n navorser alles in sy/haar vermoë moet doen om seker te maak dat die navorsingsverslag so duidelik as moontlik is en dat dit al die informasie bevat wat dit vir die leser duidelik maak waaroor die navorsing gegaan het (Dane, 1990:52).

- *Plagiaat is 'n ernstige etiese probleem*, wat nie soos altyd aangeneem word, doelbewus gepleeg word nie. Dikwels is dit bloot agtelosigheid van die navorser se kant om nie erkenning aan 'n bepaalde outeur gee nie. Erkenning moet verleen word aan alle outeurs wie se bronne tydens die studie gebruik word. Dit geld vir gepubliseerde materiaal, maar ook vir ongepubliseerde materiaal (Bailey, 1987:486).

## 7.5 Die implementeringstadium

Die indruk word dikwels in Publieke Administrasie gelaat, en in baie gevalle met reg, dat navorsers nie by die implementering van hul navorsingsvoorstelle betrokke is, of wil wees nie. Volgens Ackoff (1984:408) reken sommige navorsers dat hul verantwoordelikheid by die voorlegging van navorsingsvoorstelle eindig.

Die gevolg van hierdie houding is dat menige aanbevelings van navorsingsprojekte nooit deur owerheidsinstansies geïmplementeer word nie. Dit is eties nie korrek teenoor die navorser nie, tensy hy/sy die studie bloot vir eie gewin, soos die verwerwing van 'n kwalifikasie, onderneem het, en dit is eties ook nie korrek teenoor die gemeenskap nie. Die waarde van 'n navorsingsprojek lê juis daarin dat dit tot die verbreding van wetenskaplike kennis moet bydra, en hierdie geleentheid gaan dan grootliks verlore – iets wat eties onregverdig is teenoor Publieke Administrasie as vak, en die verbetering van die owerheidsmasjinerie oor die algemeen.

Waar implementering wel plaasvind, word dit dikwels gelaat in die hande van onkundige/oningeligte personeel, wat nie insae in die denkbegrip van die navorser gehad het nie, of wat nie weet hoe om die bevindinge te evalueer nie. Die implementeerder werd dan dikwels die voorstelle aan vanuit sy verwysingsraamwerk en soos hy dit verstaan. Hierdie implementeringswyse kan tot die verdraaiing van voorstelle en die mislukking van die navorsingsprojek lei (Ackhoff, 1984:409).

Soos gemeld, is die doelstelling met hierdie artikel nie om 'n volledige lys etiese riglyne te verskaf oor navorsingsmetodologie in die Publieke Administrasie nie. Die oogmerk van die artikel is eerder om as basis te dien waarop voortgebou kan word ten einde 'n volledige stel etiese riglyne daar te stel wat vir navorsing in die Publieke Administrasie aangewend kan word.

## 8. Gevolgtrekking

Soos uit die artikel afgelei kan word, het etiese riglyne veral te doen met die identifisering van watter handelinge reg is en watter handelinge verkeerd is. Die probleem is egter dat die term *reg* deur verskillende navorsers verskillend geïnterpreteer word, omdat die lewens- en wêreldbeskouing van 'n navorser 'n belangrike rol speel wanneer etiese riglyne ter sprake is. Nogtans kan sekere etiese riglyne as universeel bindend beskou word wanneer navorsing in Publieke Administrasie onderneem word.

Daar is gevolglik met hierdie artikel daarop gekonsentreer om eerder 'n bewustheid/ingesteldheid by navorsers in die Publieke Administrasie te skep dat daar eties korrek opgetree moet word wanneer navorsingsprojekte onderneem word. Hopelik kan universele, eenvormige etiese riglyne in die toekoms daargestel word aan die hand waarvan navorsers in Publieke Administrasie navorsingsprojekte kan onderneem.

Hierdie ingesteldheid van die navorser behoort ook nie net tot die navorsingsprojek beperk te word nie, maar moet ook deur die owerheidsinstelling waar die navorsing onderneem word, in ag geneem word. Die navolg van korrekte etiese optrede deur die navorser in 'n bepaalde owerheidsinstelling en die eties korrekte optrede van owerheidsinstellings teenoor die navorser kan direk daartoe bydra dat die landsadministrasie beter funksioneer, tot voordeel van die hele samelewing.

## Bibliografie

ACHOFF, R.L. 1984. Scientific method: Optimizing applied research decisions. Malabar, Florida : Robert, E. Kriegler Publishing Company.

BAILEY, K.D. 1987. Methods of social research. New York : The Free Press.

BAKER, T.L. 1988. Doing social research. New York : McGraw-Hill Book Company.

BOTHA, E. 1993. Metateoretiese perspektiewe op die sosiale wetenskappe. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies.
BULMER, M & WARWICK, D P. 1983. Social research in developing countries: Survey and censuses in the third world Chichester : John Wiley.
BURGESS, R G. 1989. The ethics of educational research. New York : The Falmer Press.
CHAPMAN, R 1993. Ethics in public service Edinburgh : Edenburgh University Press
CLOETE, J.J.N. 1995. Public Administration glossary. Pretoria : Van Schaik.
DANE, F.C. 1990. Research methods. Pacific Grove, California : Brooks/Cole Publishing Company.
FOX, W. & MEYER, I.H. 1995. Public Administration dictionary. Eppindust : Juta.
GEISLER, N.L. & FEINBERG, P.D. 1993. Introduction to philosophy: A Christian perspective Sixth print. Grand Rapids, MI : Baker Book House Company.
HUYSAMEN, G.K. 1994. Methodology for the social and behavioural sciences. Halfway House : Southern Book Publishers.
JOUBERT, D. 1986. Waardes: Navorsing, metodologie en teorie. RGN-ondersoek na navorsingsmetodologie. (Navorsingsverslaereeks: 2.) Pretoria : RGN.
JOUBERT, D. 1992 Reflections on social values. Pretoria : HSRC Publishers.
MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1989 Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria : RGN.
MOUTON, J. & MARAIS, H.C 1992. Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe Derde druk/hersiene uitgawe. Pretoria : RGN-Uitgewers.
WELLMAN, C. 1975. Morals & ethics. Glenview, Illinois : Scott, Fresman & Company.